Sake Beeld

WOENSDAG 5 OKTOBER 2016
www.netwerk24.com
e-pos: sake@media24.com
☎Johannesburg 011 713 9000
☎Pretoria 012 485 9000
☎Kaapstad 021 406 2121
☎Port Elizabeth 041 503 6111
☎Bloemfontein 051 404 7600

JSE					WISSELKOERSE					GRONDSTOWWE		
Alle aandele	Top-40	Finansieel	Hulpbronne	Nywerhede	Goud	Rand/$	Rand/Pond	Rand/Euro	Euro/$	Goud (R/kg)	Goud ($/ons)	Platts Brent
52 040,85	45 473,03	14 880,42	32 257,78	68 247,69	1 935,01	13,80	17,56	15,44	0,89	564 534	1 272,39	51,19
↑	↑	↑	↓	↑	↓	↓	↓	↓	→	↓	↓	↑
0,74%	0,81%	1,65%	-0,39%	0,95%	-6,25%	-0,37%	1,23%	-0,03%	0%	-1,53%	-2,92%	0,77%

WhatsApp: Só kan jy pret hê met foto's en video's

Niel Joubert

WhatsApp het pas nuwe funksies bekend gestel waarmee gebruikers hul foto's en video's kan verpersoonlik en "verbeter".

Met dié nuwe funksies kan jy op foto's en video's skryf of teken en emotikons daarop sit om jouself "beter uit te druk".

Die funksies het sedert Maandag beskikbaar begin raak op Android-fone. Volgens WhatsApp sal dit binnekort ook op die iPhone beskikbaar wees.

Dié veranderinge kom kort nadat Google sy boodskapdiens, Allo, bekend gestel het en dié funksie uitlig as een van die besondere eienskappe daarvan.

As jy 'n nuwe foto of video deur WhatsApp neem, of een deel wat reeds op jou foon is, sal jy outomaties die nuwe redigeringsfunksies boaan sien.

"Of jy nou 'n groot, rooi hart teken om te wys hoe baie jy iemand mis of jou gunsteling emoji bysit, soms is 'n prentjie regtig 1 000 woorde werd," sê WhatsApp op sy blog.

Gebruikers kan ook teks byvoeg en die kleur en die font verander.

Die WhatsApp-kamera ondersteun nou ook die voorste kamera "sodat jy die perfekte selfie kan neem", sê die maatskappy.

'n Nuwe zoem-funksie is ook bekend gestel vir die neem van video's.

Plaas jou vinger op die skerm terwyl jy 'n video neem en beweeg dit op of af om in of uit te zoem.

Om te verander tussen die agterste of voorste kamera, tik 'n mens net twee keer op die skerm.

MARKTE

JSE – alle aandele ▲52 041



WÊRELDMARKTE

Sluiting van wêreldmarkte

	Indeks	+/-	%
Dow Jones (NY, vroeg)	18 199,71	-54,14	**-0,29**
S&P 500 (NY, vroeg)	2 149,20	-12,00	**-0,56**
FTSE 100 (Londen)	7 074,34	90,82	**1,28**
CAC 40 (Parys)	4 503,09	49,53	**1,09**
DAX 30 (Frankfurt)	10 619,61	108,59	**1,02**
Nikkei 225 (Tokio)	16 735,65	136,98	**0,81**
Hangseng (Hongkong)	23 689,44	105,01	**0,44**
Ordinaries (Sydney)	5 569,90	5,10	**0,09**

BRANDSTOFPRYSE

	95 Petrol Loodvry	Diesel* 0,05%	Diesel* 0,005%
Gauteng-pompprys	R12,60	R10,72	R10,75
Kus-pompprys	R12,12	R10,33	R10,37
Basiese Prys	R5,47	R5,37	R5,40
Oor/(onder)-verhaling	(R0,51)	(R0,54)	(R0,54)
Gemiddelde	(R0,58)	(R0,57)	(R0,57)

Die datum vir die Oor/(onder)-verhaling is 3 Oktober. Maksimum kleinhandelsprys vir paraffien: R8,58 / ℓ *Die dieselpryse is groothandelprys, nie die pompprys nie.
Bron: SEF

METALE

Pryse op die Londense metaalbeurs ($/ton)	Gister	Eergister
Koper	4 806,50/4 831,50	4 831,50/4 816,25
Aluminium	1 649,50/1 658,00	1 658,00/1 652,75
Tin	20 262,50/20285,00	20 285,00/20 087,50
Nikkel	10 187,50/10 457,50	10 457,50/10 527,50
Lood	2 073,50/2 105,00	2 105,00/2 035,25
Sink	2 369,25/2 377,50	2 377,50/2 353,75
($/ons)		
Platina	986,00/1 004,50	1 004,50/1 027,00
Silwer	17,2/18,87	18,87/ 19,18
Palladium	700,50/711,50	711,50/721,00

TOTALE OPBRENGS OOR 3 JAAR SLEGS 11%

OBK se mandaat opnuut in kollig

Mcebisi Jonas sê GEPF 'sal altyd verpligtinge nakom'

Hanlie Stadler

Die ontwikkelingsmandaat van die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) – en hoe dit versoen kan word met goeie beleggingsopbrengs – is opnuut in die kollig nadat dié staatsbeheerde batebestuursfirma sy jaarverslag uitgereik het.

Staatsamptenare se aftreegeld het oor die afgelope drie jaar 'n totale opbrengs van slegs 10,98% gelewer – hoofsaaklik omdat ongenoteerde beleggings en plaaslike effekte oor die drie jaar tot einde Maart power gevaar het.

Die OBK spog nietemin dat die opbrengs byna dubbeld die inflasiekoers oor dié tydperk is.

Dít is volgens die jaarverslag vir die boekjaar tot einde Maart van die OBK, wat die geld van die pensioenfonds vir staatsamptenare (GEPF) belê, asook die geld van die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF), die Vergoedingskommissaris en verskeie ander kleiner fondse van staatsinstellings.

Die GEPF verteenwoordig 88,2% van die R1 857 miljard se bates wat die OBK bestuur, die WVF s'n 6,7% en die Vergoedingskommissaris s'n 1,9%. Die OBK se totale bates onder bestuur het in die boekjaar met net meer as 2% gestyg, die traagste groei in sewe jaar.

Die OBK sê die opbrengs van die pensioenfonds is net 0,06% minder as sy maatstaf, wat blyk te wees die gemiddelde opbrengs van 332 pensioenfondse wêreldwyd.

Daarteenoor het die JSE se indeks van alle aandele oor die drie jaar tot einde Maart met meer as 30% gegroei, selfs voordat dat enige dividende daarby ingereken is.

Die OBK se jaarverslag, wat verlede week bekend gemaak is, lê heelwat klem op sy tweeledige funksie van finansiële opbrengs vir lede sowel as die maatskaplike opbrengs deur middel van beleggings in onder meer ontwikkeling en infrastruktuur.

Dat maatskaplike en omgewingsimpak en korporatiewe beheer in ag geneem word wanneer batebestuursfirmas kies waar hulle kliënte se geld belê, is ook deesdae algemeen onder private batebestuurders, maar al hoe meer druk is die

> **Die fokus kan nie meer op korttermyn-portefeuljemaatstawwe wees nie; dit moet verskuif na volhoubare opbrengste op lang termyn.**

afgelope jaar vanuit veral opposisiegeledere op die OBK in die algemeen en die GEPF in die besonder geplaas om bekend te maak in watter maatskappye belê word.

Veral die ongenoteerde beleggings is onder verdenking. Ongenoteerde beleggings word nie deur kredietgradeerders beoordeel nie en daar is dus geen aanduiding van hoe riskant dit is nie.

David Maynier, DA-LP, het die OBK in April vanjaar as die "spaarvarkie" vir die ANC se agenda beskryf.

Die OBK doen verslag aan die tesourie, en die voorsitter van die batebestuursfirma se direksie is Mcebisi Jonas, adjunkminister van finansies.

Jonas het toe die versekering gegee dat die GEPF "altyd sy verpligtinge sal kan nakom".

Dan Matjila, uitvoerende hoof van die OBK, het in Julie gesê hulle het regsadvies gekry oor of hulle hul beleggings bekend mag maak aangesien vertroulikheidsooreenkomste dalk daardeur geskend kan word.

Die meer as 1,2 miljoen staatsamptenare wat tot die fonds bydra en die nagenoeg 407 000 pensioentrekkers wat voordele ontvang, is verseker van hul pensioen ongeag die fonds se opbrengs omdat die GEPF 'n vastevoordelefonds is. Die GEPF sê hy het die afgelope paar jaar pensioenverhogings van gelykstaande met die inflasiekoers toegeken – meer as die 75% van die inflasiekoers wat sy reëls vereis – juis danksy goeie opbrengskoerse.

Ongenoteerde beleggings verteenwoordig net 'n klein persentasie van die OBK se bates onder bestuur, altesame 7,82%. Dit bestaan uit private ekwiteit (0,88%), "ontwikkelingsbeleggings (1,16%), ongenoteerde eiendom (1,16%) en ongenoteerde beleggings elders in Afrika (0,56%).

Dié beleggings het egter die afgelope boekjaar met R38,46 miljard tot R44,58 miljard opgeskiet.

Dit word nie uitgestippel hoeveel die GEPF self in ongenoteerde beleggings het nie.

Die ongenoteerde eiendom sluit die GEPF se belegging in die V&A Waterfront in Kaapstad en in die nuwe Menlyn Maine-ontwikkeling in Pretoria in, maar ook die meer omstrede belegging van R2,09 miljard in die Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika (Acsa).

Die OBK spog daarmee dat ongenoteerde beleggings oor die jare heen al 160 504 poste geskep het, tot die oprigting van drie nuwe hospitale gelei het, 15 600 leerlinge bevoordeel het en gehelp het om 59 155 wooneenhede te bou.

Pravin Gordhan, minister van finansies, sê in die voorwoord tot die jaarverslag batebestuursfirmas moet 'n langtermyn-, volhoubare beleggingstrategie volg.

"Die fokus kan nie meer op korttermyn-portefeuljemaatstawwe wees nie; dit moet verskuif na volhoubare opbrengste op lang termyn."

Mediese skemas toon R1,2 mjd. se bedryfsverlies

Nellie Brand-Jonker

Die gesondheid van mediese skemas het in 2015 drasties agteruitgegaan vergeleke met die vorige jaar. Hulle het die grootste bedryfstekort sedert 2009 getoon.

Die jongste jaarverslag van die Raad op Mediese Skemas (RMS) toon mediese skemas het 'n gesamentlike bedryfsverlies van R1,2 miljard gely in 2015 vergeleke met die vorige jaar se verlies van sowat 'n halfmiljard rand.

Dit toon die verskil tussen skemas se eise en nie-gesondheidskoste vergeleke met die premies wat ontvang is.

Die RMS sê dis is omdat eise skerper as premies gestyg het. Die eiseverhouding van skemas het van 90,8% tot 91,4% toegeneem.

Die laaste groot verlies was in 2009 toe skemas 'n bedryfsverlies van R2,5 miljard gely het.

Oop skemas het verlede jaar 'n bedryfstekort van R565 miljoen getoon. Dit verteenwoordig 'n ommeswaai van die surplus van R37,4 miljoen in die vorige jaar. Geslote skemas het 'n tekort van R653,8 miljoen getoon, wat groter is as die vorige jaar se tekort van R493,4 miljoen.

'n Totaal van 65% of 15 van die 23 oop skemas het 'n bedryfstekort getoon, terwyl 56% of 34 van die 60 geslote skemas 'n tekort getoon het.

In geheel het die bedryf se solvensieverhouding verlaag van 33,2% in 2014 af.

Die verslag toon ook die vermoë van skemas om hul eise uit hul kontant te betaal, het gedaal van genoeg geld wat beskikbaar is om 3,3 maande se eise te dek tot 3,1 maande. Dit het die afgelope jare konstant gedaal van 6,1 maande in 2004.

700 jaar oue Chinese banknoot in beeld gekry

Elma Kloppers

'n Skaars Chinese banknoot uit die Ming-dinastie (1368-1644) is opgefrommel binne-in die kop van 'n 13de eeuse Chinese houtborsbeeld ontdek. Dié belangrike ontdekking van die 700 jaar oue banknoot is deur Mossgreen Auction Specialists in Australië gemaak.

Dié veilingshuis gaan die borsbeeld van 'n *Luohan* in Desember as deel van die Raphy Star Collection of Asian Art in Sydney opveil.

Tussen 3 November en 6 November gaan die beeld 'n draai in Londen maak, waar dit per afspraak besigtig kan word.

Volgens Mossgreen word die waarde van die banknoot tans nagevors, maar dit is ongetwyfeld 'n fortuin werd.

"Dit was 'n aangrypende oomblik toe dit ontdek is," sê Ray Tregaskis, hoof van Mossgreen se Asiese kunsafdeling. Hy sê hoewel dit nie ongewoon is vir artikels soos halfedelstene en perkamentrolle om van tyd tot tyd binne-in standbeelde hul opwagting te maak nie, is die ontdekking van die skaars banknoot besonders omdat dit die datum van die standbeeld verifieer.

'n *Luohan* is die Chinese woord vir diegene wat die vier fases van Verligting (*Enlightenment*) voltooi het en hulle in 'n staat van Nirvana bevind. Die gelaatstrekke van die beeld is gedefinieer met 'n wyse en rustige gesigsuitdrukking.

Onderaan die noot staan dat dit dieselfde funksie het as geldmunte en dat diegene wat 'n vervalste noot gebruik se kop summier afgekap sal word.

Die skaars 700 jaar oue banknoot uit die Ming-dinastie wat binne-in die borsbeeld ontdek is. Foto: MOSSGREEN

Joe Public 16579/A

NEDBANK

EIENDOM PER OPENBARE TENDER TE KOOP

EIENDOM IN VAAL DE GRACE GHOLFLANDGOED, PARYS

- Erf 859 m²
- Huis en inhoud
- Ten volle toegeruste villa met vier en-suite slaapkamers, oopplan-eetkamer, -kombuis en -sitkamer
- Oop veranda en braaiarea

UITNODIGING PER OPENBARE TENDER: Bogemelde eiendom word voetstoots met verbeterings en bruikhuurooreenkomste sonder waarborge vir kontant verkoop. Tenders vir oorweging moet aan Nedbank Eiendomsafdeling by shirazs@nedbank.co.za gestuur word. Tenders sluit 26 Oktober 2016. Daar sal geen verpligting op die bank wees om enige aanbiedings of enige bepalings en voorwaardes te aanvaar as die bank dit onaanvaarbaar ag nie.
Navrae: Alet Brink – Tel 011 294 9542; Sel 082 887 1626; E-pos aletbr@nedbank.co.za.

nedbank.co.za

Nedbank Bpk Reg No 1951/000009/06.
Gemagtigde finansiële diens- en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP16).

'n lid van die OLDMUTUAL Group